oordenkings vir laerskoolkinders

dr. nico van der merwe

1. Jesus weet wat goed is vir jou

Lees in jou Bybel Lukas 18:18-30

As kind weet jy nie altyd wat is reg en goed vir jou nie. Ek is seker dat jy nie saamstem nie. Jy sê seker dat jy die enigste een is wat weet wat goed is vir jou. Christus leer ons iets anders in die Bybel. Die ryk jongman wat by Jesus gekom het, het ook so gedink. Hy dink hy doen alles wat God in die wet van hom vra. Jesus sien in sy hart dat sy rykdom vir hom meer beteken as Jesus. Daarom sê Jesus dat hy alles moet verkoop wat hy het, die geld vir die armes gee en dan na Jesus toe terugkom en Hom volg. Omdat sy geld vir hom meer beteken het as Jesus, kon die jongman dit nie doen nie.

Jesus ken jou hart. Hy weet wat daar in jou lewe is wat vir jou belangriker is as Hy. Maats. Sport. Jou fiets. Jou CD-speler.

Jy kán al hierdie dinge hê, maar die allerbelangrikste moet jou geloof in Jesus Christus wees.

2. Doen in alles wat God vra

Lees in jou Bybel 2 Kon. 22:1-7 (vs 1-2)

Josia was net 8 jaar oud toe hy koning van Juda geword het. 'n Mens sou verwag dat Josia net verkeerde dinge sou doen, want sy oupa Manasse en sy pa Amon was goddelose konings wat in alles ongehoorsaam was aan die Here. Wat 'n verskriklike voorbeeld het Josia gekry van sy oupa en pa.

Van Josia lees ons net die teenoorgestelde. Hy het gedoen wat reg was in die oë van die Here. Toe Josia oud genoeg was om self as koning te regeer, was die volk heeltemal afvallig van God. Josia het besluit om die volk só te regeer dat hulle in alles die Here sal dien.

Dit maak nie saak watter voorbeeld jy van jou ouers, maats en vriende kry nie. Die Here verwag dit van jou om self te besluit om te lewe soos God in sy Woord beveel.

As kind wat gedoop is, moet jy lewe soos 'n kind van God.

3. God maak jou in jou geloof sterk

Lees in jou Bybel 1 Samuel 17:31-50

Dawid was nog 'n jong seun toe hy teen die reus Goliat moes veg. Vir Dawid was daar nie 'n ander keuse nie. Goliat het God en God se volk beledig en gevloek. Hy het gemaak asof hy sterker is as God en sommer een-twee-drie met God se volk sal klaarspeel. Al die soldate van koning Saul was te bang om teen Goliat te veg. Dawid besluit hý sal dit doen. Hy is nie bang vir Goliat nie, omdat hy opreg in God glo.

Deur sy geloof het Dawid vir Goliat verslaan. Wat vir al die soldate as die onmoontlike gelyk het, word vir Dawid waar omdat hy in God glo.

Soms lyk dit asof Satan ook te sterk is vir die mens en God. Soms lyk dit asof die sonde nie gekeer kan word nie. As jy in Jesus glo en doen wat God in die Bybel vir jou leer, sal jy ook die onmoontlike regkry. Sonder God kan 'n mens nie teen die kwaad veg nie.

4. Belangrike besluite om te neem

Lees in jou Bybel Mark. 1:14-20 (vs 19-20)

Soms moet 'n mens baie skielik 'n geloofsbesluit neem en kan jy nie dae en weke wag nie. Die Here verwag van jou om dadelik 'n besluit te neem. Dit gebeur met Jakobus en Johannes. Die twee broers het hulle pa gehelp in sy visbesigheid. Hulle het vis gevang op die Galilea See en dit dan verkoop. Dit was hulle werk. Op 'n dag kom Jesus by hulle verby. Hy is besig om 12 manne te roep om saam met Hom te gaan. Dit is sy dissipels.

Jesus sê vir Jakobus en Johannes om die visbedryf net so te los en Hom te volg as sy dissipels. Christus kon nie wag vir 'n antwoord nie. Die broers het net daar en dan besluit om Jesus te volg.

As jou maats jou wil verlei om God se wet te oortree, kan jy nie wag om te besluit nie. Jy sal dadelik moet besluit om te doen wat God van jou verwag en nie te doen wat jou maats beplan nie.

5. Jesus raak aan die kindertjies

Lees in jou Bybel Mark. 10:13-16 (vs 13)

Op 'n dag het baie ouers hulle kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy aan hulle kan raak. Jesus het aan baie mense geraak: melaatses, blindes, stommes, dooies. Waarom sou Jesus dit gedoen het? Sê dit vir ons iets as Jesus aan mense raak?

Jesus het aan mense wat ernstig siek was, geraak om vir hulle te sê dat Hy hulle verstaan. Jesus se aanraking vertel iets van die liefde. Hy raak aan hulle siek en gebroke liggame om vir hulle te sê dat Hy hulle graag wil help. Dit was ook die betekenis vir die kindertjies. *"Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën"* (vs 16). Deur dit wat Jesus gedoen het, het Hy vir die kindertjies en hulle ouers gewys dat Hy hulle liefhet.

Jesus het vir jou ook gewys dat Hy vir jou lief is. Dit was die dag toe jy gedoop is. Toe het Christus vir jou gesê dat Hy jou liefhet en jou seën.

6. Die belangrikste dinge in die lewe

Lees in jou Bybel Matteus 6:25-34 (vs 31)

As ons na diere kyk, dan lyk dit asof hulle heeldag net besig is om kos te soek en kos te eet. Partykeer lyk dit asof die mense dieselfde doen. Heeldag word gewerk sodat hulle kos kan koop om te kan eet. Elke dag is dit die patroon. Werk en eet.

Die lewe is egter meer as net werk en eet of skoolgaan en eet. Die mens is ook op die aarde om die Naam van die Here groot te maak. Deur jou lewe moet jy die Here eer. Elke dag se werk en eet is nie die allerbelangrikste nie, want vir die mens wag daar 'n nuwe lewe aan die einde. Daarom sê Jesus dat gelowiges hulle nie moet bekommer nie. By al die werk wat jy moet doen, moet jy daaraan dink dat die Here jou versorg en beskerm.

Die gelowiges moet dus eers aandag skenk aan die dinge wat vir God belangrik is; Hy sal jou lewe dan seën sodat jy genoeg het om van te lewe.

oordenkings vir laerskoolkinders

7. Maak die beste gebruik van jou tyd

Lees in jou Bybel Efesiërs 5:15-20 (vs 16)

Jy is maar net op laerskool en tog het jy al verskriklik baie dinge om te doen. As jy na jou ouers en die onderwysers kyk, dan sien jy hoe hulle moet jaag om alles klaar te kry wat hulle moet doen.

Die tyd waarin ons lewe, is 'n haastige en ongeduldige tyd. Dus gebruik mense kitskos, kitsbanke, kitskontbyt. Mikrogolfoonde maak kos in 'n kits gaar en ander masjiene was jou klere en maak dit droog in 'n kits.

In hulle godsdiens wil mense dieselfde doen. Vinnig Bybellees en 'n kitsgebedjie. Gou-gou na die erediens toe en haastig terug. Gaan dit met jou ook so? God sê in vers 16 dat jy die beste gebruik moet maak van jou lewenstyd, veral as dit kom by jou diens aan die Here. Daar mag jy nie afskeep nie en ook nie kits maak nie. Onthou, Jesus het nie afgeskeep toe Hy vir jou sondes aan die kruis betaal het nie.

8. Antwoord op die hoekom-vraag

Lees in jou Bybel Joh. 9:1-12 (vs 1-2)

Jy vra seker ook baie: Hoekom is my maat se pa of ma so ernstig siek? Hoekom is daar kinders wat so baie swaarkry? Hoekom word kinders soms met 'n gebrek gebore? Hoekom is 'n kind vermink in 'n ongeluk? Hoekom is daar kinders wat nie hulle volle verstand het nie? Die dissipels vra dit ook vir Christus: Hoekom is die man wat blind gebore is, so? Is dit oor sonde van homself of van sy ouers?

Hulle het gedink die man word gestraf vir sy sonde of sy ouers word gestraf vanweë hulle sonde. Jesus sê nee! Dit is nie die rede nie. Hy is blind "sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word" (vs 3).

God bewys genade aan mense wat swaarkry. In hulle kan ander mense God se dade sien. God is in volle beheer en net soos God jou lewe gebruik in sy diens, doen die Hy dit met mense wat swaarkry.

9. Wie is ek tog eintlik?

Lees in jou Bybel Eksodus 3:1-12 (vs 11)

Ek wonder of die gemeente waar jy 'n dooplidmaat is al vir jou gevra het om iets te doen? Dalk was dit net om papiere op die kerkerf op te tel of om 'n paar stoele aan te dra of enige ander werkie. Of Mamma vra jou om n bietjie groente vir die arm mense naby julle te vat. Doen jy dit met vreugde? God het vir Moses 'n opdrag gegee om die Israeliete in die Naam van God uit Egipte te lei. Maar Moses was onwillig. Hy vra: "Wie is ék ...?" Moses wil dit nie vir die Here doen nie en nou maak hy asof hy nie die regte persoon is nie.

'n Mens kan dit nie vir God sê nie. Wie jy ook al is, as God vir jou 'n opdrag het, moet jy gehoorsaam wees, want die Here help jou uiteindelik om dit suksesvol af te handel. Jy moet weet dat God vir jou as kind ook 'n opdrag het en dit is om tussen jou maats aan Hom gehoorsaam te wees!

10. Godsdiens met voorwaardes

Lees in jou Bybel Matt. 19:16-22 (vs 22)

As jy iets moet doen vir iemand, stel jy ook soms *voorwaardes*. Jy sal vir Ma winkel toe gaan as sy vir jou 'n roomys koop. Jy sal vir Pa die motor was as hy vir jou 'n CD koop. Jy sal vir jou boetie of sussie iets doen as hulle jou beloon met lekkergoed of 'n koeldrank. Dit kom daarop neer dat jy nie iets vir iemand anders sal doen as jy nie "betaal" word nie.

Jy moet oppas dat jy nie met die Here ook so maak nie. Die ryk jongman was bereid om die Here te dien solank hy net al sy rykdom kon hou – dit was sy voorwaarde. Jy kan so maklik sê dat jy gereeld sal Bybellees as die Here sorg dat jy die eksamen goed deurkom. Jy is bereid om gereeld te bid as die Here toesien dat jy 'n fiets kry.

Onthou, God het jou die verlossing in Christus gegee sonder enige voorwaardes. Daarom moet jy God opreg dien met blydskap sonder voorwaardes.

11. Ware godsdiens dra geloofsvrugte

Lees in jou Bybel Galasiërs 5:16-24 (vs 22)

As dit by die lewe van 'n gelowige kom, gebruik die Here 'n voorbeeld in die Bybel om dit vir die mens verstaanbaar te maak. Die Here sê dat 'n gelowige soos 'n vrugteboom is. As jy waarlik glo, is dit wat jy doen die vrugte van jou geloof.

In Galasiërs 5:22 noem die Here watter vrugte in die lewe van die gelowige moet wees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Dit mag nou vir jou na baie groot woorde klink waarvan jy nie presies weet wat elkeen beteken nie. Dit is egter vir jou nodig om te weet dat hierdie dinge deur die Here beskou word as geloofsvrugte.

As die Here hierdie vrugte in jou lewe sien, dan weet Hy dat daar 'n opregte geloof in jou hart is en dat jy gehoorsaam is aan God se Woord.

12. Die liefde van Christus motiveer jou

Lees in jou Bybel 2 Kor. 5:11-15 (vs 14)

Paulus skryf in vers 14 wat die motief is waarom hy doen wat hy doen. Hy sê vir ons wat is die dryfveer agter sy dade. Eenvoudig gesê, Paulus vertel hoekom hy die dinge doen wat hy doen. Hy wys na die krag wat sy lewe beheer. Hy sê dat die liefde van Christus hom dryf om te doen wat hy doen. Omdat Christus hom liefhet, wil hy uit dankbaarheid só optree in sy lewe dat dit volgens God se wil is. As hy 'n keuse in sy lewe moet doen, vra hy altyd eers hoe God wil dat hy die keuse maak. Dit is 'n manier van optree wat tuishoort by elkeen wat sê dat hy in God glo.

God vertel in die Bybel presies hoe 'n kind van Hom moet lewe. God gee in die Bybel die nodige riglyne vir die lewe van elke dag. Die liefde van Christus moet nou die dryfkrag wees agter jou optrede in elke faset van jou lewe.